THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT: BEGROTINGSREDE 2020/2021 – 2022/2023: UITVOERENDE BURGEMEESTER RAADSDAME CHRISTELLE VOSLOO: 27 MEI 2020

INLEIDING

Speaker, vandag lê ek die finale begroting vir 2020/2021, en die twee opeenvolgende jare, ter tafel vir oorweging en goedkeuring deur die Munisipale Raad van Theewaterskloof Munisipaliteit.

Vandag se opmerkings moet saamgelees word met my rede tydens die ter tafellegging van die konsepbegroting. Gegewe die buitengewone virtuele omstandighede van die vergadering gaan ek nie alle sake in detail bespreek nie en, in sekere gevalle, bloot daarna verwys. U het afskrifte van die begrotingsrede ontvang en ek gaan dus net enkele sake benadruk.

In die rede fokus ek op 6 sake:

- Die beplanning, opstel en finalisering van die begroting ingevolge die Wetlike voorskrifte.
- Die beplanning, opstel en uitklaring van die begroting met die groter publiek en begrotingskonsultasies wat bedoel om ‘n privaat-publieke begrotingskompak te sluit.
- Die invloed van die COVID-19-Pandemie op die begroting en in besonder aan die inkomstekant daarvan.
- Primêre eksterne invloede op die begroting en die kapasiteit van die munisipaliteit se hoof inkomstebronne.
- Die uitkomste van die begroting en die impak daarvan op die publiek.
- Besware en voorstelle van die publiek.

BEGROTINGSNAKOMINGS

Die opstel van die begroting voldoen in alle opsigte aan die voorskrifte van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, of MFMA soos dit meer populêr bekend staan; en alle ander verwante stukke wetgewing en voorskrite.

Met die aanvang van die begroting en tot en met die opstel van die konsepbegroting en die gekoppelde GOP, het die owerheid deurlopend en intensief met die gemeenskap gekonsulteer en aan publieke deelnameverwagtinge voldoen.

In so vêrre dit bekostigbaar is, het die munisipaliteit dié begroting met die kernbeginsels en behoeftes van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan getrou.

Ten einde die publiek meer tyd te bied om die begroting en GOP te bestudeer en daarop te reageer, het ons die kommentaarperiode verleng. Een kommentaar is van SABM ontvang.

Dié begroting beperk verhogings in dienste- en belastingsinkomste.

Die begroting is ontwerp om elke sent wat geïn word met oorleg te spandeer.

Die munisipaliteit sal, soos altyd, belastings- en dienstebetalers; en ander bydraers tot munisipale inkomste se geld oordeelkundig en in die beste belang van die mense en holistiese ontwikkeling, aanwend.

Hierdie is ‘n begroting met ‘n “gewete” vir die betalende publiek en die armstes van die armes.

GEMEENSKAPS- EN BELANGEGROEPE-NAKOMINGS

Die samestelling van dié begroting, is gekenmerk deur deurlopende en intensiewe geïntegreerde munisipaal administratiewe en Raadsdeelnameprosesse. Soos altyd het die munisipale administrasie en die die Raad soos ‘n eenheid gewerk om by die eindproduk uit te kom.

Dié begroting is ook die uitkomste van omvattende en konstruktiewe prosesse van gemeenskapsdeelname en -konsultasies.

Selfs na die grendelstaatbeperkinge ingestel is, het die munisipaliteit met hoofsaaklik sosiale media die publiek geleenthede gebied om die konsepbegroting te bestudeer, te analiseer en kommentaar te lewer

Die konsultasies met die publiek en belangegroepe was konstruktief hoewel daar kommer was oor die omvattende bydraes tot belastings- en dienstegelde, die swakker wordende verhouding tussen betalers en deernisbehoeftiges en die beperkinge van dié en toekomstige begrotings.

Die munisipaliteit het nogeens besef dat die meerderheid mense in gemeenskappe en die wat belangegroepe verteenwoordig, begrip het vir sake wat die GOP en Begroting dikteer en waaroor die munisipaliteit beperkte tot geen beheer het nie.

Tydens die konsultasies is veral die volgende bespreek:

- Prosesse wat gevolg is om die GOP en Begroting saam te stel.
- Interne en eksterne faktore wat die begroting en GOP beïnvloed.
- ‘n Oorsig van die finale GOP en begroting.
- Die impak van die Begroting op dorpe, gemeenskappe en sektore.
- Die waarskynlike impak van die GOP en Begroting op alle huishoudings, van deernis tot welgestelde gesinne.

Speaker, in die konteks van publieke konsultasies en die verbreeding van die demokasie is begrotingsinteraksie met belangegroepe van die onderskeie sektore, uitgebrei en het gesprekke, en selfs onderhandelinge, toegeneem.

Ten tye van die gesprekke was daar nie sprake van COVID-19 nie en was daar ‘n bepaalde optimisme na die begrotingsrede van die Nasionale Finansminister, Meneer Tito Mboweni.

Dat optimisme intussen getaan en vir groot moedeloosheid en magteloosheid plek gemaak het, is te verstane en te wagte.

In die maande wat voorlê sal die munisipaliteit se politieke en administratiewe leiers die atmosfeer van pessimisme moet bestuur.

Ons in die munisipaliteit kan nie fatalisties wees nie en ons sal saam met ons mense daarbuite die post COVID-19-geleenthede en realiteit moet identifiseer en daarop kapitaliseer.

Speaker, ons sal sterker deur die huidige situasie kom en ek het ‘n vermoede dat goeie vehoudinge tussen die munisipaliteit en alle mense en sektore gesmee sal word.

Daarvoor, Speaker, sal ons publieke deelnameprosesse moet uitbou om die munisipaliteit instaat te stel om die mense se kollektiewe stem meer duidelik te hoor.

Uiteindelik sal die toekoms van Theewaterskloof deur elke mens en instansie in die munisipale gebied bepaal word.

INSETTE EN KOMMENTAAR VAN PUBLIEK OP KONSEPBEGROTING

Een kommentaar is van SABM ontvang en het oor dienstetarriewe gehandel. Die beswaar is deeglik deur die begrotingskomitee oorweeg en ‘n antwoord is reeds aan SABM afgestuur.

DIE IMPAK VAN DIE COVID-19 PANDEMIE

By die geleentheid van die voorhou van die konsepbegroting het ek die volgende opmerking gemaak:

“This remains a pre COVID 19 Pandemic Budget and the final budget might be something different. The pandemic will influence this budget and managing it will probably be particularly challenging.”

Dit het so gebeur en al weet ons nou meer oor die enorme impak van die COVID-19 Pandemie, glo ek dat ons nog baie sal leer.

Uiteraard voorsien die begroting vir die onvoorspelbare aard van die pandemie, maar is daar veranderlikes ten opsigte van ons projeksies wat anders kan verloop.

Die munisipaliteit weet dat inkomstes gejaag sal moet word en dat sente omgedraai sal word. Die munisipaliteit besef egter dat werkloosheid, ook vanwee die pandemie, nie nou meer net deernisgesinne se verbruik en vermoë om te betaal dikteer nie, maar ook dié van die betalende publiek.

In dié begroting het die munisipaliteit oorhoofse kostes so laag as moontlik gehou.

Die munisipaliteit verstaan die pandemie-realiteite nou beter en, om te slaag, sal sosiale kompakte met die betalende publiek gesluit moet word sodat munisipale rekeninge nie as ‘n nagedagte nie, maar as ‘n kernprioriteit betaal word.

As mense en instansies sukkel om te betaal moet ons met mekaar praat en planne maak.

Die harde waarheid is dat ons mense moet verstaan dat ongekommunikeerde geen- en wanbetalings tot gebrekkige dienslewering kan lei.

Meer as ooit moet die publiek verstaan dat hierdie owerheid beperkte kapasiteite het en dat die munisipaliteit met beperkte personeel en bitter lae oorhoofse kostes die wa deur die drif moet trek.

INVLOEDE OP DIE BEGROTING

Daar is ernstige kommer by my oor die staat se vermoë of onvermoë om munisipaliteite te befonds.

Ek praat nie hier van “handouts” nie, maar veral van gelde om die rekening van die deernisgebruikers te finansier.

Ek is bekommerd oor die nasionale regering se vermoë om gelde vir infrastruktuur en behuising te voorsien.

Die konsensus tussen ekonome en die Reserwebank is dat die ekonomie, vanwee die COVID-19-Pandemie met sowat 6.2% gaan krimp. Sommiges voorspel ‘n inkrimping van tot 7%.

Maar, Speaker, dit sal kortsigtig wees om die Coronavirus vir alles te blameer. Die waarheid is dat duiseligwekkende korrupsie op die wagbeurt van die Zuma-administrasies die staatskas gestroop het en dat dit aangevul is met die verregaande finansierings van die sukkelende SOE’s.

Die staat en al die sektore het nie die vermoë om staatsfunksies en programme te finansier nie en hopelik oorweeg die staat die opneem van laerente-lenings van finansierders soos die Internasionale Monitêre Fonds, die BRICS-bank en die Wêreldbank. Daar moet eenvoudig geld gevind word om staatsorgane en hul funksies te finansier.

Vir jare neig die staat na ‘n benadering dat munisipaliteite, deur eie inkomste, hulle holistiese uitgawes moet dek.

Dit is eweneens ‘n onnadenkende teorie.

Ek het verlede jaar genoem dat daar nie iets soos eie gelde in munisipaliteite is nie en dat die geld waarmee munisipaliteite werk, uit belastingbetalers se sakke kom.

En Speaker, dit help nie dat ons die las op belastings- en dienstebetalers miskyk nie, want hulle is voos belas en kan gewoon nie meer hulle en ander se munisipale rekeninge bekostig nie.

Speaker, elke liewe inkomstebron van plaaslike owerhede is onder druk. En voor ek nou van totale pessimisme verdink en beskuldig word, bevestig ek dat ek kennis neem dat daar ook goeie nuus is. Die rentekoersdalings is vir baie ‘n reddingsboei en so is die huidige relatiewe “goedkoop” brandstof. Ek ignoreer ook nie die relatief lae inflasiekoers nie.

VERNAAMSTE AANPASSINGS TEN OPSiGTE VAN DIE KONSEPBEGROTING

- Fondse vir die restourasie van die Raadsaal is met R500 000 gesny.
- Fondse vir die Inventaris Begrotingsitem is met R2.35m gesny.
- Voorsienings vir salarisse is aansienlik gesny omdat kernposte nie in die eerste 5 maande van die finansiële jaar gevul sal word nie.
- R2M is addisioneel aan deernisondersteuning toegedeel.
- Na NERSA se riglyne vir munisipaliteite ontvang is, het ons die inkomstes en uitgawes in die verband gesny.

LEGAL COMPLIANCE

Die MTREF vir 2020/21 tot 2022/2023 is saamgestel ingevolge die vereistes van verwante wetgewing, waarvan die volgende meldbaar is:

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996.

- Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 117 van 1998.

- Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, Wet 32 of 2000.

- Die Munisipale Finans Bestuurswet, Wet 56 of 2003.

- Munisipale Begroting en Rapporteringsregulasies soos gepromulgeer op 17 April 2009.

- Die “Division of Revenue Act”.

Die volgende begrotingsbeginsels en -riglyne is in ag geneem in die samestelling van die 2020/21 tot 2022/2023 MTREF:

- Nasionale Tessourie MFMA Omsendskrywes wat MTREF gelei het.

- Inflasie-vooruitskattings.

- Nasionale Uitkomstes en Prioriteite.

- NERSA riglyne.
- Prioriteite en teikens in die strategiese fokusareas van die GOP.
- Belastings- en tarriefverhogings moet bekostigbaar wees en liefs nie die CPI-syfers oorskrei nie.
- Tarriewe moet koste-reflektief wees en moet ingevolge infrastruktuuragterstande bereken word.
- Eksterne lenings sal opgeneem word om die kapitale begroting te ondersteun ten einde dienslewering te verbeter.

BEGROTINGSYFERS

- Operasionele inkomstes: R657 407m.
- Operasionele uitgawes: R613 736m.
- Surplus vir die jaar: R43 670.
- Kapitale begoting: R138 660m.

Verhogings in tarriewe en belastings:

- Belastings: 6.8%
- Elektrisiteit: 6.22% (Subject to NERSA's final approval)
- Water: 8%
- Riolering: 7.5%
- Vaste afvalverwydering: 7%

FOKUS OP SKULDVORDERING

'n Saak wat, met die nodige deernis, aandag moet geniet, is die verhaling van agterstallige skuld.

Wanbetalings, om watter redes ookal, kan nie geduld word nie.

Die munisipaliteit kan nie dienste lewer en uitgawes aangaan sonder om daarvoor betaal te word nie.

IMPAK VAN BEGROTING

Speaker, ek besef ons spreek, met die begroting wat ek vandag ter tafel lê, nie naastenby al die behoeftes in Theewaterskloof aan nie.

Ek besef dat die COVID-19-Pandemie van die totale begroting ‘n veranderlike kan maak.

Nietemin, soos sake nou staan, kan die munisipaliteit, met die begrote operasionele en kapitale fondse, die beste begroting aan die mense bied waartoe Theewaterskloof munisipaliteit instaat is.

Die begroting vir 2020/2021 en die twee opeenvolgende jare sal daarin slaag om:

- Armoedeverligting te bied wat met die COVID-19-Pandemie te make het.
- In die algemeen die sosio-ekonomiese agteruitgang te rem en die kapasiteite van gemeenskappe te ontwikkel.
- Ekonomiese groei en ontwikkeling te versnel.
- Sosiale kohesie in gemeenskappe te verhoog.
- Funksionele dienslewering, deur operasionele grootmaat- en mikro-infrastruktuur, in stand te hou.

Ten opsigte van die impak van die begroting wil ek net die mening uitspreek dat dié begroting die owerheid in staat sal stel om sy mandate ten opsigte van goeie regering en volhoubare dienslewering na te kom.

‘N BELANGRIKE VOORBEHOUD

Speaker, ons kan nooit ons oë van die Raad se visie van ontwikkeling en groei afhaal nie. Dit bly my kernvisie vir dié organisasie. Met die huidige effek van die Pandemie en die moontlikheid dat dinge nog kan versleg, en om ons personeel en die publiek ten beste te ondersteun en die munisipaliteit se boeke te laat klop en projekte te laat werk, sal ons by die “nuwe normaal” moet aanpas.

Ek weet nie wat die nuwe normaal presies gaan wees nie, maar ons sal dit moet bepaal. Die behoefte tot **aanpassings- en veranderingsbestuur** is nou waarskynlik groter as wat dit in 2016 was.

Speaker, ek is ‘n voorstaander van die gedagte dat ons onverwyld ‘n eenheid vir aanpassings- en veranderingsbestuur moet skep. Die bedoeling móét wees dat dié eenheid, in oorleg met al ons vennote en belangegroepe, intern en ekstern, die aanpassing by die nuwe normaal sodanig moet bestuur dat die owerheid en streek se groei- en ontwikkelingsmomentum voortgesit word.

Die eenheid sal getaak word om ‘n munisipale oorlewingsplan saam te stel en te implementeer en sal, in die verband, baie nou met ons huidige direktorate saamwerk. Die eenheid sal met groter spoed op sekere bestaande intervensies voortbou en sal, onder andere, gestalte moet gee aan die sluiting van sosiale en ekonomiese kompakte tussen die munisipaliteit, NGO’s, die sakesektor en alle ander organisasies en instansies.

Die eenheid moet in die kantore van die Munisipale Bestuurder en die Uitvoerende Burgemeester gesetel wees om die Raadsvoorkrifte en praktiese implementering in die praktyk en op ‘n deurlopende basis te trou.

BUDGET REFERENCES AND COUNCIL RESOLUTION

- Annual Operating Budget of the municipality for the financial year 2020/2021 and indicative for the two projected Outer Years 2021/2022 and 2022/2023 be approved as set out on Tables A1, A2, A3 and A4 (pages 7 - 13).

- Annual Capital Budget of the municipality for the financial year 2020/2021 and indicative for the two projected Outer Years 2021/2022 and 2022/2023 be approved as set out on Tables A1, A5 and SA36 (pages 7, 14, and 94).

- Monthly Cash Flow Forecasts with appropriate amendments be approved as the Cash Flow Budget of the Council for the 2020/2021 financial year as set out on Tables A1 and A7. (Pages 7 and 17).

- “Spatial Development Framework” as part of the Integrated Development Plan, as regulated by the Municipal Systems Act (Act 32 of 2000), a directed in terms of Section 22 of the Bill on the Land Use Planning Act.

- Tariff Charges are approved for the Financial Year 2020/2021. (Annexure A).

SLOTOPMERKINGS

Speaker, die GOP en Begroting vir 2020/2021 en die twee opeenvolgende jare is gereed om geïmplementeer te word. Ek lê die finale Begroting en GOP vir 2020/2021 en die twee opeenvolgende jare aan die Raad voor sodat hulle dit kan oorweeg en goedkeur.

ERKENNING

Speaker, vergun my ‘n paar bedankings.

Dankie aan die Raad en Amptenary vir hulle harde en konsensieuse werk om die GOP en Begroting vir 2020/2021 en die twee opeenvolgende jare te voltooi.

Speaker, die GOP en Begroting is die gevolg van spanwerk tussen die raad, amptenare, gemeenskappe en ook belangegroepe van die sektore in Theewaterskloof. Ek het groot agting vir hulle insette en ek bedank hulle vir hul harde werk en toewyding.

Die Begroting en GOP is, onder andere die gevolg van uitgebreide publieke insette en die nougesette aanbied van publieke deelnameprosesse in die munisipale wyke en aan belangegroepe. Dit is die gevolg van bydraes van talle rolspelers in die openbare- en privaatsektore. Ek bedank almal vir hul samewerking om die begroting op te stel.

Ek dank ons Hemelse Vader vir die krag, insig en wysheid wat Hy ons geskenk het om die taak te voltooi. Ek bid dat Hy ons sal lei in die implementering van die begroting. Sonder Sy hulp sou niks moontlik wees nie.

Die mees intense werk lê nou voor wanneer die GOP en Begroting geïmplementeer word. Ek wens almal, wat daarby betrokke is, sterkte en krag toe.

Baie dankie/Thank you/Enkosi

RAADSDAME CHRISTELLE VOSLOO
UITVOERENDE BURGEMEESTER
2020/05/27